Oordenking
25 Mei 2009

Wie is jou vriende?

Ps 1:1: WELGELUKSALIG is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie. (1953 vertaling)..

Die boodskap van dié vers is dat die geselskap wat ons hou ‘n groot invloed op ons geluk en vreugde het. Die mense wat ons kies om mee te kuier, vriende te maak, saam te werk – of selfs mee te trou – het ‘n impak op ons lewensvreugde!

Gods Woord waarsku ons teen die soort vriende wat ons kies. Die mense wat ons kies om mee te kuier, al is dit net van ‘n verbygaande aard, kan ons maklik op ‘n verkeerde pad laat beland. Jy sien, dis ‘n lewensfeit dat die sosiale omgewing waarin jy jou bevind, altyd ‘n invloed op jou lewe het.
Dus, dink ‘n slag goed na oor wie jou vriende is!

Sê nou maar jou geloofslewe en jou gebedslewe, en jou kerkbywoning, laat veel te wense oor en is glad nie soos God dit wil hê nie. En dan kuier jy ook nog saam met mense wat nie bid nie en nie kerk toe gaan nie, en selfs met God of met sy kinders spot, of dalk net nooit aan Hom dink of van Hom praat nie, sal dit mos nie ‘n positiewe invloed op jou geloofslewe en jou kerkbywoning hê nie? Inteendeel, dit sal net verder agteruitgaan. Slegte geselskap lei daartoe dat ons God net nog meer teleurstel, met die gevolg dat ons selfs nog meer van ons vreugde in die Here verloor en ons lewens selfs nog minder betekenis in die Koninkryk van God het.

Die Apostel Paulus haal ‘n bekende spreuk aan om dieselfde waarheid te beklemtoon: *"Slegte geselskap bederf goeie sedes."* (1 Kor 15:33). Slegte vriende bring presies die teenoorgestelde van seën en blydskap in ons lewe.

Welgeluksalig, baie keer gelukkig, is die mens *wat die raad van geheiligdes soek, wat by die regverdiges gaan staan en gesels en wat by hulle wat God aanbid, gaan sit!*
Dink ook oor Psalm 119: 63: *Ek is 'n vriend van almal wat U dien en u bevele gehoorsaam.*